STUDIEVELD B – FAUNA

LES 1

Fokus:	Luister, kyk en vertel.
Nota:	Bestaande kennis word geaktiveer. Vergelyk inhoud met wat afgelei is; om te visualiseer en weer te gee wat gehoor word.

1.1 Fauna? Wie is dit? Nee, sê jy, jy ken haar nie. En tog ken jy haar baie, baie goed! Fauna is diere. O ja, sê jy nou, eintlik ken jy vir Fauna al van lankal af; eintlik al van kleinsaf toe jy net bewus begin word het van die wêreld om jou.

a) * Kyk goed na die wetenskaplike indeling hieronder en let op dat FAUNA 'n eie koninkryk naamlik Animalia het. Aan watter Engelse woord laat *Animalia* jou dink?

_____

* Probeer elke voorstelling in die blokkies **identifiseer** en **vertel** wat jy sien.
Indien jy nie die voorwerp herken nie, kan jy na die volgende webwerf gaan om dit op te spoor:
https://af.wikipedia.org/wiki/L%C3%AAer:Animal_diversity.png
of gebruik 'n ander naslaanbron.

b) Fauna is selfs deel van ons land se nasionale embleme. Waar het jy al van die embleme gesien (dink byvoorbeeld aan sport)?

1. Wat is 'n sinoniem vir embleme? _____

2. Watter van die nasionale embleme behoort tot Fauna? Skryf hulle neer:

_____

_____

_____

c) Waar kom die benaming 'Fauna' dan vandaan?

FAU - NA

- dierelewe
- selfstandige naamwoord (versamelnaam)
- soölogie: al die dieresoorte van 'n bepaalde gebied of tydperk
- Latynse naam van die mitologiese godin FAUNA

LES 4

Fokus: Bespreking van inligting. Nota: Gebruik verskillende vorme van visuele tekste se inligting vir mondelinge kommunikasie.

4.1 Die wyfiemuskiet is al 'n lugvaartkundige wonder genoem. Sy kan onderstebo, agteruit en selfs sywaarts vlieg – en boonop skielik versnel of stadiger vlieg om 'n klappende hand vry te spring.

(*Met erkenning aan die Jongspan, Huisgenoot 30 November 2000*)

Die eerste geluid wat ek hoor is daardie onheilspellende

gezoei-i-i-i-i-i

en dan - zip - raak dit skielik stil in die middel van die nag ...

Vertel die storie verder. Jy kan van hierdie gonsgedagtes gebruik vir inspirasie:

• sy / haar sit kry • doodsedige jansalie • hou haar lyf Dracula • drink net vrugtesap • nektar • water • verpestelike bloedsuiers • kenmerkende zoei-geluid • gonsery	• lê lustig weg aan my bloed • gaan venynig op my lyf tekere • het proteïne in my bloed nodig (sê ook hoekom) • veroorsaak geweldige ellendes op aarde (hoe so?) • HY is geen bloedsuier... maar SY is. • 'n slukkie mensebloed • lang snoet met messies wat in my vel in kerf • 'n gejeuk en 'n gekrap en 'n gebrek aan slaap, maar nie SY nie!

4.2 **<u>Vertel in jou eie woorde</u>** (moenie net die prentjies se woorde lees nie!) en in <u>volgorde</u> wat in die volgende illustrasies gebeur. Maak notas langs die prentjies om jou te help onthou wat jy in jou storie wil sê:

	

(*Met erkenning aan Huisgenoot 30 November 2000*)